

SAGARIA

Inleiding

Die naam *Sagaria* is ontleen aan die naam van die profeet wie se visioene daarin opgeteken is. Die naam beteken ‘die HERE onthou’. Die profeet, 'n kleinseun van Iddo, was waarskynlik 'n priester.

Sagaria is in die Joodse en Christelike kanons die elfde en langste teks van die *Boekrol van die Twaalf Profete (Hosea tot Maleagi)*.

Daar is baie duidelike verskille in styl en inhoud tussen *Sagaria* 1 — 8 en 9 — 14, en dit word algemeen aanvaar dat ander profete se profesieë ná *Sagaria* 8 bygevoeg is. In die lig daarvan dat boeke van onbekende outeurs altyd laaste geplaas is in 'n versameling, en aangesien *Sagaria* 9 en 12, en *Maleagi* 1 telkens begin met “'n Profesie”, kan daar met redelike sekerheid aanvaar word dat *Sagaria* 9:1 tot *Maleagi* 4:6 die werk bevat van profete wat vir die oorleweraars onbekend was.

Uit die gebruik van 'n ek-verteller in *Sagaria* 1 — 8 kan afgelei word dat die profeet self die skrywer van die eerste agt hoofstukke van *Sagaria* was, en daar kan aanvaar word dat *Sagaria* 1 — 8 reeds teen 515 vC in sy huidige vorm bekend was. Die skrywers van *Sagaria* 9 — 14 is onbekend. Dit is 'n los versameling ouer en jonger profesieë (in *Matt* 27:29 word *Sag* 11:12-13 bv aan *Jeremia* toegeskryf) wat, te oordeel aan verwysings in die teks, waarskynlik eers teen 300 vC hulle finale vorm gekry het (vgl bv 9:13).

Die eerste lesers van *Sagaria* 1 — 8 sou van die tempelpersoneel in *Jerusalem* wees teen ongeveer 515 vC. Die eerste lesers van *Sagaria* in

sy huidige vorm sou die samestellers van die *Boekrol van die Twaalf Profete* wees.

Sagaria 1 — 8 is volledig in prosa geskryf. Die styl van dié dele waarin die visioene ter sprake is (1:7 — 6:8), sluit aan by dié van Esegïël. Daarin word van talle raaiselagtige beelde, metafore en vergelykings gebruik gemaak. Sagaria 9 — 11 is oorwegend poësie, terwyl Sagaria 12 — 14 oorwegend prosa is. Daar is nie 'n eenvormige styl in Sagaria 9 — 14 nie.

Die boodskap van Sagaria 1 — 8 is dat, wanneer die hoop op 'n beter en regverdiger bestaan vervaag, God se woord waarmee Hy Hom opnuut verbind aan sy volk, nuwe verwagtinge en 'n nuwe toekoms skep waar regverdigheid en vrede sal heers. Die uiteenlopende profesieë in Sagaria 9 — 14 het een oorheersende tema: die koms van die heilstyd.

Sagaria kan soos volg ingedeel word:

- 1:1-6 Oproep tot terugkeer na die HERE
- 1:7 — 6:15 Agt visioene
- 7:1 — 8:23 Vastye en hoop vir die toekoms
- 9:1 — 10:2 Ryk van die nuwe koning
- 10:3 — 11:3 Herstel van Juda en Israel
- 11:4-17 Veroordeling van slegte leiers
- 12:1 — 13:6 Vernuwning van Juda en Jerusalem
- 13:7-9 Suiwering van dié wat oorbly
- 14:1-21 Koms van die dag van die HERE

1

Oproep tot terugkeer na die HERE

¹ *In die tweede regeringsjaar van koning Darius,^{a*} in die agtste maand, het die woord van die HERE gekom tot die profeet Sagaria, seun van Beregja en kleinseun van Iddo:*

² “Die HERE was kwaad vir julle voorouers, baie kwaad. ³ Sê vir die mense, ‘So sê die HERE, Heerser oor alle magte: “Keer terug na My, dan sal Ek na julle terugkeer.”’ Dit is die uitspraak van die HERE, Heerser oor alle magte.

“ ‘Die HERE, Heerser oor alle magte, sê: ⁴ * “Moenie wees soos julle voorouers nie, hulle aan wie die vroeëre profete verkondig het, ‘So sê die HERE, Heerser oor alle magte: “Draai tog weg van julle verkeerde paaie en van julle verkeerde dade!”’* ’ Maar hulle het nie geluister en hulle nie aan My gesteur nie, is die uitspraak van die HERE.”

⁵ “ ‘ “Julle voorouers, waar is hulle nou? En die profete, leef hulle vir altyd? ⁶ * Maar my woorde en voorskrifte, wat Ek my dienaars die profete beveel het, het dit nie julle voorouers ingehaal nie? Hulle het tot inkeer gekom en erken, ‘Soos wat die HERE, Heerser oor alle magte, beplan het om aan ons te doen, in ooreenstemming met ons lewe en ons dade, so het Hy met ons gedoen.’ ” ’ ”

* **1:1** Esra 5:1

^a**1:1 tweede ... Darius:** Waarskynlik 520 vC.

* **1:1 koning Darius:** Esra 4:5,24; 6:1,15; Hag 1:1

* **1:1 Sagaria ... Iddo:** Esra 6:14; Neh 12:16; Matt 23:35

* **1:3 So ... terugkeer:** Mal 3:7; Jak 4:8

* **1:4 2 Kron 36:15-16; 24:19; Ps 78:8; Eseg 33:11**

* **1:4 Draai ... dade:** Jes 55:7; Luk 15:18-20

* **1:6 Klaagl 2:17; Sag 7:9-14; Op 10:7; 11:18**

Eerste visioen

⁷*Op die vier-en-twintigste dag van die elfde maand, die maand Sebat, in die tweede regeringsjaar van koning Darius, was dít die woord van die HERE aan die profeet Sagaria, seun van Beregja en die kleinseun van Iddo.

⁸*In die nag het ek gesien: Kyk, daar was 'n man wat op 'n vosperd gery het. Hy het in die diep vallei tussen die mirtestruike gestaan. Agter hom was daar nog perde, bruines, vosperde en wittes.

⁹Toe vra ek: “Wat beteken dit, my heer?” En die engel wat met my praat, antwoord my: “Ek sal jou wys wat dit beteken.”

¹⁰Die man wat tussen die mirtestruike staan, het geantwoord en gesê: “Dit is die ruiters wat die HERE gestuur het om die aarde te deurkruis.”

¹¹En hulle het die engel van die HERE^b wat tussen die mirtestruike gestaan het, geantwoord en gesê: “Ons het die aarde deurkruis, en kyk, die hele aarde is stil en rustig.”

¹²*Daarop het die engel van die HERE weer gepraat en gevra: “HERE, Heerser oor alle magte, hoe lank gaan U nog van Jerusalem en die dorpe van Juda, waarvoor U nou al sewentig jaar lank kwaad is, u ontferming weerhou?”

¹³Die HERE het toe die engel wat met my praat, met vriendelike en troosvolle woorde geantwoord. ¹⁴*En toe sê die engel wat met my praat, vir my: “Roep dit uit! So sê die HERE, Heerser oor alle magte: ‘Ek is diep

***1:7-17** Vgl Sag 1:18-21; 2:1-5; 3:1-10; 4:1-14; 5:1-4,5-11; 6:1-8

***1:8** Op 6:2,4; 19:11

^b**1:11 die engel van die HERE:** Die boodskapdraer en verteenwoordiger van die hemelse hofhouding wat bloot opdragte uitvoer of boodskappe oordra. Word ook vertaal “die boodskapper van die HERE.”

***1:12** Jer 25:11; 29:10; Dan 9:2; Vgl Op 6:10

***1:14** Sag 8:2

besorg oor Jerusalem en Sion, ¹⁵* maar Ek is baie kwaad vir die selfvoldane nasies. Ek was eers nie baie kwaad nie, maar hulle het die onheil vererger.’

¹⁶“*‘Daarom,’ so sê die HERE, ‘keer Ek vol ontferming terug na Jerusalem. My huis sal daar gebou word, en Jerusalem sal met 'n maatlyn^c uitgemeet word.’ Dit is die uitspraak van die HERE, Heerser oor alle magte. ¹⁷* En verkondig ook verder: “So sê die HERE, Heerser oor alle magte, ‘My stede sal weer oorloop van goeie dinge. Die HERE sal Sion weer vertroos en Hy sal Jerusalem weer verkies.’ ” ’ ”

Tweede visioen

¹⁸^d* Ek het opgekyk en gesien: Daar was vier horings! ¹⁹* Ek het die engel wat met my praat, gevra: “Wat beteken dit?”

En hy het my geantwoord: “Dit is die horings^e wat Juda, Israel en Jerusalem verstrooi het.”

²⁰ Toe wys die HERE vir my vier ambagsmanne. ²¹ En ek vra: “Wat kom hierdie manne doen?”

Hy het geantwoord: “Dit is die horings wat Juda só verstrooi^f het dat niemand sy kop kon optel nie. En hierdie manne het gekom om die

***1:15** Jes 47:6

***1:16** Esra 6:14-15; Jes 54:7-10; Jer 31:38-39; Sag 4:9

^c**1:16 maatlyn:** Die beeld van die maatlyn dui op die heropbou van die stad Jerusalem.

***1:17** Jes 51:3; Sag 2:5-9,12

^d**1:18-21** Die •bronteks nommer hierdie verse as Sag 2:1-4.

***1:18-21** Vgl Sag 1:7-17; 2:1-10; 3:1-10; 4:1-14; 5:1-4,5-11; 6:1-8

***1:19** Deut 33:17

^e**1:19 horings:** Horings is 'n simbool van krag en verwys hier na sterk nasies.

^f**1:21 horings ... verstrooi:** Kan ook moontlik vertaal word “horings van die nasies neer te gooi wat hoogmoedig teen die land opgetree het om hulle te verstrooi”.

horings te verskrik en neer te gooi, die horings van die nasies wat die horing teen Juda gelig het om hulle te verstrooi.”

2

Derde visioen

¹ ^g* Ek het opgekyk en gesien: Daar is 'n man met 'n maatlyn in sy hand! ² “Waar gaan u heen?” vra ek. Hy antwoord my: “Ek gaan Jerusalem opmeet om sy breedte en lengte vas te stel.”

³ Kyk, die engel wat met my praat, was besig om weg te gaan toe 'n tweede engel hom tegemoet kom ⁴ * en vir hom sê: “Hardloop en sê vir daardie jong man, ‘Jerusalem sal soos 'n stad sonder mure wees omdat so baie mense en diere daar woon. ⁵ * Ek self sal soos 'n muur van vuur rondom Jerusalem wees en Ek sal as heerlijkheid* in hulle midde wees.’ Dit is die uitspraak van die HERE.”

⁶ “*Kom, kom! Vlug uit die noorde!” is die uitspraak van die HERE. “Want so ver as die vier windstreke van die hemel het Ek julle verstrooi,” is die uitspraak van die HERE. ⁷ “Kom! Vlug weg, Sion, julle wat by die dogter van Babel woon!”

^g2:1-5 Die •bronteks nommer hierdie verse as Sag 2:5-9.

*2:1-5 Vgl Sag 1:7-17,18-21; 3:1-10; 4:1-14; 5:1-4,5-11; 6:1-8

*2:1 Vgl Jer 31:8-9; Eseg 40:3; 47:3; Op 11:1; 21:15

*2:4 Jer 31:27; Eseg 38:11

*2:5 Vgl Jes 4:5; Op 21:23; 22:3

*2:5 heerlijkheid: 1 Kon 8:11

*2:6-7 Jes 48:20; Jer 50:8; 51:6; Sag 6:5; Matt 24:31; Mark 13:27

⁸*Want so sê die HERE, Heerser oor alle magte, wat my ter wille van sy heerlikheid gestuur het na die nasies deur wie julle uitgebuit is: “Waarlik, wie aan julle vat, vat aan die appel van my oog.^h ⁹* Ja, kyk, Ek sal my hand heen en weer oor hulle swaai, en hulle sal buit word vir hulle eie slawe.” Dan sal julle weet dat dit die HERE, Heerser oor alle magte, is wat my gestuur het.

¹⁰*“Juig en wees bly, dogter van Sion!ⁱ* Want, kyk, Ek kom in jou midde woon,”* is die uitspraak van die HERE. ¹¹ “Baie nasies sal hulle op daardie dag aan die HERE verbind. Hulle sal my volk word, en Ek sal in jou midde woon.” Dan sal jy weet dat dit die HERE, Heerser oor alle magte, is wat my na jou gestuur het. ¹²*Die HERE sal Juda op die heilige grond as sy erfdeel in besit neem en Jerusalem weer verkies. ¹³*Wees stil voor die HERE alle mense, want Hy tree te voorskyn uit sy heilige woonplek.

*2:8 Deut 32:9-10

^h2:8 wat my ... my oog: Kan ook vertaal word “Ná die visioen het Hy my gestuur na die nasies deur wie julle uitgebuit is; waarlik, wie aan julle vat, vat aan die appel van sy oog.”

*2:9 Jes 14:2; 60:13-14

*2:10-11 Jes 2:2-3; 49:22; 55:5; 60:3; Miga 4:1-3; Sag 8:22

ⁱ2:10 dogter van Sion: In die enkelvoud 'n personifikasie van Jerusalem.

*2:10 Juig ... Sion: Sef 3:14

*2:10 Want ... woon: Sag 8:3; Op 21:3; vgl Joh 1:14

*2:12 Ps 78:54; Sag 1:17

*2:13 Hab 2:20

3

Vierde visioen

¹ *Toe het Hy^j die hoëpriester Josua* aan my gewys. Hy staan voor die engel van die HERE^k met Satan^l wat hom aankla aan sy regterkant.* ² *En die HERE sê aan Satan: “Die HERE straf jou, Satan! Die HERE wat Jerusalem verkies het, sal jou straf! Is hierdie man nie 'n stuk brandhout wat uit die vuur geruk is nie?”

³ *Josua het in besmeerde klere voor die engel gestaan. ⁴ Hierop het die engel gereageer en aan diegene wat voor hom staan, gesê: “Trek sy besmeerde klere uit.” Vir Josua het hy gesê: “Kyk, ek het jou sondeskuld van jou weggeneem* en ek sal vir jou feesklere aantrek.”*

⁵ Daarop sê ek: “Laat hulle 'n skoon tulband om sy kop draai.” Terwyl die engel van die HERE daar staan, het hulle die skoon tulband om sy kop gedraai en vir hom die klere aangetrek.

⁶ En die engel van die HERE het Josua verseker: ⁷ “*So sê die HERE, Heerser oor alle magte: As jy op my paaie loop, en as jy my voorskrifte

***3:1-10** Vgl Sag 1:7-17,18-21; 2:1-5; 4:1-14; 5:1-4,5-11; 6:1-8

^j**3:1** Hy: Sommige vertalings reken dat “hy” na die engel verwys.

***3:1 hoëpriester Josua:** Hag 1:1; Sag 6:9-15; Sir 49:12

^k**3:1 die engel van die HERE:** Die boodskapdraer en verteenwoordiger van die hemelse hofhouding wat bloot opdragte uitvoer of boodskappe oordra. Word ook vertaal “die boodskapper van die HERE”; vgl Rig 2:1.

^l**3:1 Satan:** Die Hebreeuse benaming “Satan” beteken ‘teenstander’ of ‘aanklaer’ en word deur sommige so vertaal.

***3:1 Hy staan ... regterkant:** Vgl Job 1:6; Op 12:10

***3:2** Vgl Am 4:11; Jud v 9,23

***3:3** Jes 64:6

***3:4 Kyk ... weggeneem:** Jes 6:7; Jer 31:34; Eseg 36:33; Mark 2:5

***3:4-5 Trek ... aantrek:** Vgl Jes 61:10; Eseg 16:10; Sag 6:11; Luk 15:22; Op 19:8

***3:7** Num 18:7; Eseg 44:15-16

nakom, dan sal jy my huis regeer en dan sal jy my voorhowe bewaak. Ek sal jou vrye toegang gee tot diegene wat hier staan. ⁸*Luister tog, Josua, hoëpriester, jy en jou medepriesters wat voor jou sit, manne wat as 'n teken dien; want kyk, Ek gaan my dienaar, die Loot,^m laat kom. ⁹*Kyk daarom na die steen wat Ek voor Josua neergesit het, 'n enkele steen met sewe oë. Kyk, Ek sal 'n inskripsie daarop graveer en Ek sal die sondeskuld van hierdie land in een enkele dag wegneem,” is die uitspraak van die HERE, Heerser oor alle magte. ¹⁰“*Op daardie dag,” is 'n uitspraak van die HERE, Heerser oor alle magte, “sal julle mekaar uitnooi om onder die wingerdstok en die vyeboom te kom sit.”

4

Vyfde visioen

¹*Die engel wat met my praat, het teruggekom en my wakker gemaak, soos iemand wat uit sy slaap wakker gemaak word. ²Hy het my gevra: “Wat sien jy?” En ekⁿ het geantwoord: “Ek het gesien: Kyk, daar was 'n menora^o van soliede goud. Bo-op was 'n oliebak met sewe lampe, elkeen met sewe tuite.* ³*Weerskante was daar ook twee olyfbome, een aan die

***3:8** Jes 4:2; 8:18; Sag 6:12

^m**3:8 Loot:** Dit was 'n eienaam vir die verwagte koning uit die nageslag van Dawid; vgl Jer 23:5; 33:15.

***3:9** Jes 28:16; Sag 4:10; Heb 7:27; Op 5:6

***3:10** Miga 4:4; vgl 1 Kon 4:25; 2 Kon 18:31

***4:1-14** Vgl Sag 1:7-17,18-21; 2:1-5; 3:1-10; 5:1-4,5-11; 6:1-8

ⁿ**4:2 ek:** Die •Targum en verskeie ander mss volg die Qeree lesing “ek antwoord”, in plaas van “hy antwoord” volgens die Ketiv lesing van die Hebreeuse teks.

^o**4:2 menora:** Die goue kandelaar met sewe arms wat in die heilige deel van die •tabernakel en later ook die •tempel gestaan het.

***4:2 Ek het gesien ... tuite:** Eks 25:31-40; vgl Op 1:12

***4:3,11-14** Op 11:4

regterkant van die oliebak en een aan die linkerkant.”

⁴ Toe antwoord ek die engel wat met my praat en sê: “Wat beteken dit, my heer?”

⁵ Die engel wat met my praat, het geantwoord en gesê: “Weet jy nie wat dit beteken nie?”

En ek het gesê: “Nee, my heer.”

⁶ Toe het hy geantwoord en vir my gesê: “Dit is die boodskap van die HERE aan Serubbabel,* ‘Nie deur mag of deur krag nie, maar deur my Gees,’* sê die HERE, Heerser oor alle magte. ⁷ ‘Wie is jy, groot berg?’ Voor Serubbabel word jy 'n vlakke. Hy sal die sluitsteen naderbring onder uitroepe van, “Genade, genade hiervoor!” ’ ’ ”

⁸ Dít was die woord van die HERE aan my: ⁹ “*Die hande van Serubbabel het die fondament van hierdie huis gelê en sy hande sal dit voltooi. Dan sal jy weet dit is die HERE, Heerser oor alle magte, wat my na julle gestuur het. ¹⁰ Want wie het die dag van klein dinge gering geskat? Hulle sal bly wees en sal die skietlood in die hand van Serubbabel sien.”

Hierdie sewe is die oë van die HERE wat die hele aarde deurkruis.*

¹¹ Toe het ek weer gepraat en gevra: “Wat beteken hierdie twee olyfbome aan die regter- en linkerkant van die menora?” ¹² Ek het 'n tweede keer gepraat en hom gevra: “Wat beteken die twee olyftakke waaruit die goue olie deur die goue pype vloei?”

* **4:6 Serubbabel:** 1 Kron 3:19; Esra 3:2; Neh 12:1; Hag 1:1; 2:20-23; Sir 49:12; Matt 1:12; Luk 3:27

* **4:6 Nie ... Gees:** Hos 1:7; Hag 2:5

* **4:7 groot berg:** Vgl Jes 40:4; Jer 51:25

* **4:9** Esra 3:8,10

* **4:10 Hierdie ... deurkruis:** Sag 3:9; Op 5:6

¹³ Hy het vir my gesê: “Weet jy nie wat dit beteken nie?” En ek het gesê: “Nee, my heer.”

¹⁴ Toe sê hy vir my: “Hulle is die twee gesalfdes wat by die Heer van die hele aarde staan.”

5

Sesde visioen

¹ ^{**} Ek het weer opgekyk en gesien: Daar was 'n vlieënde •boekrol! ² Die engel sê toe vir my: “Wat sien jy?” Ek het geantwoord: “Ek sien 'n vlieënde boekrol, sy lengte is twintig el en sy breedte tien el.”^p

³ ^{*} Daarop sê hy vir my: “Dit is die vloek wat oor die hele land uitgestuur word: Volgens die een kant van die boekrol sal elkeen wat steel, uitgewis word en volgens die ander kant van die boekrol sal elkeen wat vals sweer, uitgewis word. ⁴ Ek het die vloek uitgestuur,” is die uitspraak van die HERE, Heerser oor alle magte. ^{*} “Dit sal die huis van 'n dief binnedring en ook die huis van elkeen wat by my Naam vals sweer. Die vloek sal in sy huis bly en dit verwoes, die hout en ook die klippe.”

Sewende visioen

⁵ ^{*} Daarop tree die engel wat met my praat na vore en sê vir my: “Kyk tog mooi en let op wat hier aankom.”

⁶ Toe sê ek: “Wat is dit?” En hy antwoord: “Dit is 'n graanmandjie wat

^{*} 5:1-4 Vgl Sag 1:1-17,18-21; 2:1-5; 3:1-10; 4:1-14; 5:5-11; 6:1-8

^{*} 5:1 Vgl Eseg 2:9-10; Op 10:2,9-11

^p 5:2 20 ... 10 el: Ongeveer 9 x 4,5 m; •Lengtemate.

^{*} 5:3-4 Vgl Eks 20:7,15-16

^{*} 5:4 Dit ... klippe: Spr 3:33

^{*} 5:5-11 Vgl Sag 1:7-17,18-21; 2:1-5; 3:1-10; 4:1-14; 5:1-4; 6:1-8

hier aankom.” En hy sê verder: “Dit is die sondeskuld^q van die hele land.”

⁷ Meteens word die looddeksel opgelig, en daar sit 'n vrou binne-in die mandjie.

⁸ En die engel sê: “Dit is die goddeloosheid.” Hy het haar in die mandjie teruggedruk en die looddeksel oor die opening geplaas. ⁹ Toe ek opkyk, sien ek: Daar kom twee vroue aan met wind in hulle vlerke! Hulle het vlerke soos 'n ooievaar gehad. Hulle het die mandjie opgelig en tussen hemel en aarde laat hang.

¹⁰ Ek vra toe die engel wat met my praat: “Waarheen neem hulle die mandjie?”

¹¹ En hy antwoord my: “Na die land Sinar^r om vir die mandjie 'n huis te bou; en wanneer die huis gereed is, sal die mandjie op sy voetstuk geplaas word.”

6

Agtste visioen

¹ ^{**}Toe ek weer kyk, sien ek daar kom sowaar vier strydwaens tussen twee berge uit — die berge was van brons. ² Die eerste strydwa het vosperde gehad, die tweede swart perde, ³ die derde wit perde, en die vierde strydwa skimmelperde. Dit was sterk^s perde.

⁴ Toe begin ek praat en vra vir die engel wat met my gepraat het: “Wat

^q**5:6 sondeskuld:** Volgens die •Septuagint. Die •bronteks lui “hulle oog”; vgl ook Sag 5:8.

^r**5:11 Sinar:** Dit verwys hier na Babilonië; vgl Gen 11:2,9.

^{*}**6:1-8** Vgl Sag 1:7-17,18-21; 2:1-5; 3:1-10; 4:1-14; 5:1-4,5-11

^{*}**6:1-3** Vgl Op 6:2-8

^s**6:3 sterk:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die Hebreuse woord; vgl ook Sag 6:7. Sommige vroeë vertalings vertaal dit “grys” of “bont”.

beteken dit, meneer?”⁵ En die engel antwoord my en sê: “Dit is die vier winde van die hemel wat uitgaan nadat hulle voor die Heer van die hele aarde verskyn het.”⁶ *Die strydwa met swart perde gaan na die noordelike gebiede, die wittes gaan agterna^t en die skimmel gaan na die suidelike gebiede.⁷ Hierdie sterk perde het uitgetrek, gretig om die aarde te deurkruis, want die Heer het gesê, ‘Gaan, deurkruis die aarde!’ En hulle het die aarde deurkruis.”

⁸ Die engel het hard na my geroep en verklaar: “Kyk, hulle wat na die noordelike gebiede gaan, bring my Gees^u tot rus in daardie gebiede.”

⁹ Dit was die woord van die HERE aan my: ¹⁰ “Neem geskenke van^v die ballinge, Geldai, Tobia en Jedaja, wat uit Babel gekom het, en gaan self op dieselfde dag na die huis van Josia, seun van Sefanja. ¹¹ *Neem dan silwer en goud, maak 'n kroon^w en plaas dit op die kop van die hoëpriester Josua, seun van Josadak.

¹² “*Sê dan vir hom: ‘So sê die HERE, Heerser oor alle magte, “Hier is 'n man wat Loot^x genoem word. Daar waar hy is, sal hy uitspruit en die

*6:5 Dit ... verskyn het: Op 7:1

*6:6 Sag 6:8; Op 6:2,5

^t6:6 agterna: Sommige stel voor dat hierdie woord gewysig word na “na die land van die see” of “weste”.

^u6:8 my Gees: Kan ook vertaal word “my wind”; vgl Sag 6:5.

^v6:10 Neem ... van: In die •bronteks kom geen objek voor nie.

*6:11 Vgl Sag 3:1,5

^w6:11 kroon: Die bronteks lui “krone”. Sommige vertalings wysig dit na die enkelvoud.

*6:12 Jes 4:2

^x6:12 Loot: Dit was 'n eienaam vir die verwagte koning uit die nageslag van Dawid; vgl Jer 23:5; 33:15; Sag 3:8.

tempel van die HERE bou. ¹³ *Hy is die een wat die tempel van die HERE sal bou, hy is die een wat koninklike eer sal uitstraal. Hy sal sit en heers op sy troon. Daar sal ook 'n priester op sy eie troon wees en daar sal eenstemmigheid wees tussen hulle twee. ¹⁴ En die kroon sal in die tempel van die HERE bly ter herinnering aan Gelem,^y Tobija, Jedaja en Gen, seun van Sefanja. ¹⁵ *Mense sal van ver af kom om aan die tempel van die HERE te bou. Dan sal julle weet dat dit die HERE, Heerser oor alle magte, is wat my na julle gestuur het. Dit sal gebeur as julle getrou luister na die stem van die HERE julle God. *” ’ ”

7

Vastye en hoop vir die toekoms

¹ In die vierde regeeringsjaar van koning Darius, * op die vierde dag van die negende maand, •Kislef, was dít die woord van die HERE aan Sagaria. ² *Bet-El het Sar-Eser en Regem-Meleg met sy manne gestuur om die HERE se guns te soek. ³ * Hulle moes vir die priesters van die huis van die HERE, Heerser oor alle magte, en vir die profete vra: “Moet ek nog in die vyfde maand* huil terwyl ek my van baie dinge onthou, soos ek vir so baie jare gedoen het?”

⁴ Toe was dít die woord van die HERE, Heerser oor alle magte, aan my:

* **6:13** Eseg 21:27

^y**6:14 Gelem:** Dit verwys moontlik na Geldai in Sag 6:10.

* **6:15** Jes 60:10; Sag 8:20-23

* **6:15 Dit ... God:** Deut 28:1

* **7:1 koning Darius:** Esra 4:5,24; 6:1,15; Hag 1:1

* **7:2** Sag 8:21-22

* **7:3** Esra 5:1-2; 6:14; Sag 8:19; Mal 2:7

* **7:3 5de maand:** 2 Kon 25:8-10; Jer 52:12-13

⁵ “*Sê vir al die volk van die land en vir die priesters, ‘Toe julle in hierdie sewentig jaar in die vyfde en sewende maand* gevas en gerou het, het julle werklik om my ontwil gevas? ⁶ *En wanneer julle eet en wanneer julle drink, eet en drink julle nie net soos gewoonlik nie?’ ⁷ Is dit nie die woorde wat die HEREby monde van vroeëre profete verkondig het nie, toe Jerusalem en sy omliggende dorpe nog rustig en bewoon was, en ook die Negev^z en die Sjefela^a nog bewoon was?”

⁸ Daarna was die woord van die HERE aan Sagaria: ⁹ “*So sê die HERE, Heerser oor alle magte, ‘Laat die waarheid seëvier in julle regspraak; betoon troue liefde en barmhartigheid aan mekaar. ¹⁰ *Moenie weduwees, weeskinders, vreemdelinge^b en armes verdruk nie; moenie bose planne in julle harte teenoor mekaar bedink nie.’ ”

¹¹ *Maar hulle^c het geweier om te luister; hulle was halsstarrig.^d Hulle het hulle ore toegestop sodat hulle nie kon hoor nie. ¹² *Hulle het hulle

*7:5 Jes 58:5

*7:5 7de maand: 2 Kon 25:25; Jer 41:1-3

*7:6 Jes 58:3-10; Am 5:21

^z7:7 Negev: Die dorre, onherbergsame landskap suid van Kanaän — algemeen geassosieer met die Sinai-skiereiland. “Negev” word in Hebreeus ook gebruik as 'n rigtingaanduiding, naamlik “suide, suidwaarts”.

^a7:7 Sjefela: Die laer liggende heuwellandskap wes van die sentrale bergland in Palestina.

*7:9 Miga 6:8

*7:10 Eks 22:21-22; Jes 1:17

^b7:10 vreemdelinge: Persone wat om politieke of ekonomiese redes hulle eie land verlaat het en tydelik in 'n ander land woon. Vreemdelinge wat tydelike verblyf by die Israeliete gekry het, het beskerming geniet.

*7:11 Eks 32:9; Jes 48:4

^c7:11 hulle: Dit verwys na die voorgeslagte voor die val van Jerusalem.

^d7:11 halsstarrig: Die Hebreeuse idioom lui “om 'n opstandige skouer te gee”.

*7:12 Jer 7:13,24; Sag 1:4; Vgl Eseg 11:19

harte verhard, so hard soos 'n diamant, sodat hulle nie die wet en die woorde gehoor het wat die HERE, Heerser oor alle magte, deur sy Gees en deur die vroeëre profete gestuur het nie. Daarom het die HERE, Heerser oor alle magte, baie kwaad geword.

¹³ “ ‘Soos hulle nie geluister het toe daar geroep is nie, so roep hierdie mense en luister Ek nie,’ sê die HERE, Heerser oor alle magte. ¹⁴ *‘Ek gaan hulle wegwaai tot tussen al die nasies wat hulle nie geken het nie. Agter hulle sal die land verlate wees; niemand sal daardeur trek of daarheen terugkeer nie. Hulle het van 'n pragtige land* 'n verlate plek gemaak.’ ”

8

Terugkeer van die HERE na Sion

¹ Dít was die woord van die HERE, Heerser oor alle magte: ² “*So sê die HERE, Heerser oor alle magte, ‘Ek is besorg oor Sion, baie besorg. Ek is diep besorg^e oor haar.’

³ “*So sê die HERE, ‘Ek keer terug na Sion en sal in Jerusalem woon. Jerusalem sal “die getroue stad” genoem word en die berg van die HERE, Heerser oor alle magte, sal “heilige berg” genoem word.’

⁴ “*So sê die HERE, Heerser oor alle magte, ‘Daar sal weer ou manne en ou vroue op die pleine van Jerusalem sit, elkeen met 'n kerie in die hand van ouderdom. ⁵ En die pleine van die stad sal vol seuns en dogters wees wat daar speel.’

*7:14 Deut 4:27

*7:14 **pragtige land:** Deut 3:25

*8:2 Sag 1:14

^e8:2 **diep besorg:** Word verskillend vertaal; vgl Eks 20:5; Eseg 39:25; Joël 2:18.

*8:3 Jes 1:26

*8:4-5 Jes 65:20

⁶ “So sê die HERE, Heerser oor alle magte, ‘As dit in daardie dae onmoontlik gelyk het in die oë van hulle wat van hierdie volk oorgebly het, sal dit dan in My oë ook onmoontlik wees?’ ”* Dit is die uitspraak van die HERE, Heerser oor alle magte.

⁷ “*So sê die HERE, Heerser oor alle magte, ‘Kyk, Ek gaan my volk verlos uit die oostelike en westelike streke ⁸ * en hulle bring om in Jerusalem te woon. Hulle sal vir My 'n volk wees, en Ek sal vir hulle 'n God wees, * in waarheid en geregtigheid.’

⁹ “*So sê die HERE, Heerser oor alle magte, ‘Hou moed,^f julle wat in hierdie dae dié woorde uit die mond van die profete gehoor het, julle wat teenwoordig was op die dag toe die fondament vir die herbou van die tempel gelê is, die huis van die HERE, Heerser oor alle magte! ¹⁰ Ja, voor dié dae was daar nie 'n beloning vir die werk van^g mense en diere nie. Vir wie uitgegaan of teruggekom het,^h was daar geen veiligheid nie, omdat daar teenstanders was — Ek het al die mense teen mekaar losgelaat. ¹¹ Maar nou sal Ek nie meer teenoor die oorblyfsel van hierdie volkⁱ wees soos in vroeër dae nie,’ is die uitspraak van die HERE, Heerser

* **8:6 As ... wees:** Jer 32:17,27; Matt 19:26; Mark 10:27

* **8:7** Jes 43:5; 49:12; Eseg 28:25

* **8:8** Vgl Sag 13:9

* **8:8 Ek ... God wees:** Gen 17:7-8; Eks 6:6; Lev 26:11-12; Jer 32:38; Eseg 37:27; 2 Kor 6:16; vgl Eks 2:22; Heb 8:10

* **8:9** Esra 5:1-2; Hag 1:14; 2:4; Sag 4:9

^f**8:9 Hou moed:** Die Hebreeuse idioom lui “Laat julle hande sterk wees.”

^g**8:10 werk van:** Hierdie woorde kom nie in die bronteks voor nie, maar word veronderstel.

^h**8:10 wie ... teruggekom het:** Dit verwys na landbouers wat soggens die stad verlaat het om te gaan werk.

ⁱ**8:11 oorblyfsel ... volk:** Dit verwys na Judeërs wat die Babiloniese ballingskap (586-539 vC) oorleef het en in Palestina 'n nuwe begin moes maak.

oor alle magte. ¹² ‘Want die saad van voorspoed, die wingerd, sal sy vrug lewer, die land sal sy opbrengs lewer, en die hemel sal sy dou gee. Ek sal dit alles as erfenis gee aan die oorblyfsel van hierdie volk.

¹³ *Soos julle, huis van Juda en huis van Israel, 'n vervloeking was onder die nasies,^j so sal Ek julle daarvan verlos; en julle sal in 'n seënspreuk gebruik word.^k Moenie bang wees nie! Hou moed!’

¹⁴ “* Ja, so sê die HERE, Heerser oor alle magte, ‘Soos Ek My voorgeneem het om julle kwaad aan te doen, toe julle voorouers my kwaad gemaak het’, sê die HERE, Heerser oor alle magte, ‘en Ek nie daarvoor jammer was nie, ¹⁵ so het Ek in hierdie dae My weer voorgeneem om aan Jerusalem en die huis van Juda goed te doen. Moenie bang wees nie! ¹⁶ *Dit is wat julle moet doen: Praat onder mekaar die waarheid; beoefen in julle stadspoorte slegs regspraak wat waar is en tot vrede lei. ¹⁷ Julle moenie bose planne in julle harte teen mekaar bedink nie, moenie lief wees daarvoor om vals te sweer nie, want dit is alles dinge wat Ek haat.*’ ” Dit is die uitspraak van HERE.

¹⁸ Dít is die woord van die HERE, Heerser oor alle magte aan my: ¹⁹ “* So sê die HERE, Heerser oor alle magte, ‘Die vasdae in die vierde en vyfde maand en die vasdae in die sewende en tiende maand sal vir die huis van Juda tye van vreugde en blydschap wees, goeie feestye. Verder moet julle waarheid en vrede liefhê.’

***8:13** Gen 12:3; Jer 42:18; 24:9

^j**8:13** **vervloeking ... nasies:** Dit beteken dat die nasies die Judeërs en Israeliete gebruik het in 'n vervloeking “Mag dit met jou gaan soos met die huis van Juda en die huis van Israel!”

^k**8:13** **in ... gebruik word:** Letterlik ‘julle sal 'n seën wees’.

***8:14-15** Jer 31:28; 32:42

***8:16** Ef 4:25

***8:17** **Julle ... haat:** Eks 23:1; Lev 19:12; Sag 7:9; Matt 5:9; 1 Kor 13:5

***8:19** Jes 35:10; Jer 31:13; Sag 7:3,5; Matt 9:14-15

²⁰ “*So sê die HERE, Heerser oor alle magte, ‘Daar sal weer volke en inwoners van baie stede hierheen kom. ²¹ Die inwoners van een stad sal na 'n ander stad gaan en sê, “Kom, laat ons dadelik gaan om die HERE se guns te soek en die HERE, Heerser oor alle magte, te raadpleeg. Ek gaan ook!” ²² Baie volke en magtige nasies sal kom om die HERE, Heerser oor alle magte, in Jerusalem te raadpleeg en die HERE se guns te soek.’

²³ “So sê die HERE, Heerser oor alle magte, ‘Dit sal in daardie dae wees dat tien mense uit al die tale van die nasies die kleed van 'n Jood gryp en vashou terwyl hulle sê: “Ons wil saam met julle gaan, want ons het gehoor God is by julle.” ’ ”

9

Ryk van die nuwe koning

¹ 'n Profesie.¹

Die woord van die HERE het die landstreek Hadrag bereik en rus op Damaskus,* want die oog van mense en al die stamme van Israel is gerig op die HERE;^m ² so ook Hamat,* wat daaraan grens, en Tirus en Sidon,* al is hulle baie wys.

³ Tirus het vir homself 'n vesting gebou, en silwer opgehoop soos grond, en goud soos modder op straat. ⁴ Kyk, die Heer sal hom in besit

***8:20-23** 1 Kon 8:43; Jes 45:14; 66:18; Sag 2:11; 6:15; 14:16; Tob 13:11; vgl Op 5:9

***8:23** Ons ... julle: 1 Kor 14:25

¹**9:1** Profesie: Kan ook vertaal word “Uitspraak”, “Uitspraak van God” of “Aankondiging”.

***9:1** Damaskus: Jes 17:1-11; Jer 49:23-27; Am 1:3-5

^m**9:1** die oog ... HERE: Word ook vertaal “die oog van die HERE is op mense en al die stamme van Israel.

***9:2** Hamat: 2 Kon 23:33; 25:21

***9:2** Tirus en Sidon: Jes 23:1-18; Eseg 26:1 — 28:26; Joël 3:4-8; Am 1:9-10

neem en sy rykdom in die see gooi, en hy sal deur vuur verteer word.

⁵ * Askelon sal dit sien en bang word;

Gasa sal inmekaar krimp van pyn,

ook Ekron, omdat hy

in sy verwagting beskaam is.

'n Koning sal uit Gasa verdwyn,

en Askelon sal nie bewoon wees nie.

⁶ 'n Gemengde volk sal in Asdod woon.

Ek maak 'n einde aan die hoogmoed

van die Filistyne:

⁷ * Ek verwyder die bloederige vleis

uit sy mond,

die afskuwelike afgodsoffers

tussen sy tande.

Maar hy wat oorbly,

sal ook aan ons God behoort.*

Hy sal soos familie in Juda wees,

en Ekron soos die Jebusiete*.

⁸ Ek sal by my huisⁿ kamp opslaan

teen die leërs;

teen hulle wat verbygaan en terugkom.

Geen onderdrukker sal hulle

weer oorval nie,

want nou waak Ek met my eie oë.

***9:5-6** Jos 13:3; Jer 25:20; 47:1-7; Am 1:6-8; Sef 2:4-7

***9:7** Lev 17:10-14; Deut 12:6,23

***9:7 Maar ... behoort:** Jes 4:3

***9:7 Jebusiete:** Jos 15:63; Rig 1:21; 2 Sam 5:7-9

ⁿ**9:8 my huis:** Kan ook vertaal word “my tempel”.

⁹ * Juig, dogter van Sion!^o
Jubel, dogter van Jerusalem!
Kyk, jou koning kom na jou toe:
hy is regverdig en die oorwinnaar;
hy is nederig en ry op 'n donkie,
op die hingsvul van 'n donkiemerrie.

¹⁰ Ek^p sal die strydwaens
uit Efraim verdelg
en die perde uit Jerusalem;
ook die strydboog sal verwoes word.
Hy sal vrede aan die nasies verkondig.*
Sy ryk sal van see tot see strek,
en van die rivier^q tot aan
die uithoeke van die aarde.*

¹¹ “En verder, Sion,^r op grond van die bloed van jou verbond met My^{*}
sal Ek jou gevangenes uit 'n waterlose opgaarput^s vrylaat. ¹² * Julle
hoopvolle gevangenes, keer terug na die vesting! Verder maak Ek

* **9:9** Matt 21:5; Joh 12:15; vgl Jes 9:5

9:9 dogter van Sion: In die enkelvoud 'n personifikasie van Jerusalem.

9:10 Ek: Die •Septuagint lui “Hy”.

* **9:10 Ek ... verkondig:** Ps 46:10; Jes 2:4; 11:6; Miga 4:3-4; 5:9; Ef 2:17

9:10 die rivier: Dit verwys na die Eufraatrivier. In die tyd van die Ou Testament het die Eufraat het deur die ryke van Babel en Assirië, vyande van Israel, gevloei.

* **9:10 Sy ... aarde:** Vgl Ps 72:8

9:11 Sion: Letterlik ‘Jy’.

* **9:11 op ... My:** Eks 24:4-8; Matt 26:28; Heb 10:29; 13:20

9:11 opgaarput: 'n Groot ondergrondse ruimte wat in rots uitgekap is en waarin daar soms water of graan gestoor is, en waarin gevangenes aangehou kon word.

* **9:12** Jes 49:8-9; 61:7

vandag bekend: Ek sal jou dubbeld beloon. ¹³ *Want Juda span ek vir my soos 'n boog en Efraim is die pyl waarmee ek aanlê.^t Ek stel jou seuns, Sion, op teen jou seuns, Griekeland. Ek maak jou, Sion, soos die swaard van 'n krygsheld.”

¹⁴ *Dan sal die HERE bo hulle verskyn — soos weerlig sal sy pyl trek. Die HERE, die Heer, sal op die ramshoring blaas — in die stormwinde van die suide sal Hy opruk. ¹⁵ Die HERE, Heerser oor alle magte, sal hulle beskerm — hulle sal die vyand verslind en met klippe uit 'n slingervel onderwerp.

Hulle sal drink en luidrugtig wees
soos by 'n wyndrinkery.

Hulle sal bloed drink soos wyn,^u

Hulle sal vol word soos 'n offerbak,^v
en vol bloed wees^w

soos die hoeke van 'n altaar.*

¹⁶ Op daardie dag sal die HERE, hulle God, hulle verlos as sy volk, sy kudde, want hulle is die juwele van 'n kroon wat glinster oor sy

***9:13** Sag 10:7

^t**9:13 aanlê:** Letterlik ‘die boog vul’.

***9:14** Deut 33:2; Ps 18:10-16; Hab 3:3-4

^u**9:15 Hulle sal drink ... wyn:** Verskeie Griekse mss van die Septuagint word hier gevolg. Die •bronteks lui “Hulle sal drink en rumoer soos wyn”.

^v**9:15 offerbak:** 'n Houer wat in die •tabernakel en •tempel gebruik is vir •drankoffers.

^w**9:15 vol bloed wees:** Hierdie woorde kom nie in die bronteks voor nie, maar word veronderstel.

***9:15 en vol ... altaar:** Lev 4:7,18; Eseg 45:19

grondgebied. ¹⁷ *Waarlik, hoe goed en hoe mooi sal dit wees! Koring sal die jong mans laat gedy, en nuwe wyn die jongmeisies.

10

¹ *Vra vir die HERE reën
in die tyd van die laatreën.
Die HERE wat die donderwolke maak,
sal vir hulle stortreën gee
en vir die mens groen plante
in die veld;
² want die huisgode^x beloof
bedrieglike dinge,
en die waarsêers se visioene is vals.*
Hulle verkondig vals drome
en hulle troos tevergeefs.
Daarom trek die mense rond
soos kleinvee,
hulle kry swaar omdat daar
nie 'n herder is nie.*

Herstel van Juda en Israel

³ “Ek is woedend vir die herders;
Ek gaan die voorbokke straf.”*
Ja, die HERE, Heerser oor alle magte,

*9:17 Jer 31:12-13

*10:1 Deut 11:14; Ps 135:7; Jer 5:24

^x10:2 **huisgode:** Beeldjies wat mense in hulle afgodsdienste gebruik het.

*10:2 **want ... vals:** Jer 27:9-10

*10:2 **Daarom ... is nie:** Eseg 34:5; Matt 9:36; Mark 6:34

*10:3 **Ek is ... straf:** Jer 23:1-2; 25:34-36; Eseg 34:2,10

versorg sy kudde, die huis van Juda;
Hy maak hulle soos sy trotse perd
in die oorlog.

⁴ Uit Juda^y sal die hoeksteen kom,
uit hom die tentpen,
uit hom die strydboog;
uit hom sal alle onderdrukkers
saam weggaan.

⁵ Hulle sal soos krygshelde wees
wat in 'n geveg die vyand^z
in die modder van die strate vertrap.
Hulle sal veg omdat die HERE met hulle is,
en hulle sal die vyand se perderuiters verneder.

⁶ “*Ek sal die huis van Juda sterk maak,
en die huis van Josef sal Ek verlos.
Ek sal hulle laat terugkom
omdat Ek My oor hulle ontferm.
Hulle sal wees asof Ek hulle
nooit verwerp het nie,
want Ek is die HERE hulle God,
en Ek sal hulle verhoor.

⁷ *Efraim sal wees soos krygshelde,

^y**10:4 Juda:** Die bronteks lui “hom”

^z**10:5 vyand:** Hierdie woorde kom nie in die bronteks voor nie, maar word veronderstel.

***10:6** Sag 10:12; 12:5

***10:7** Ps 104:15; Sag 9:13,15

hulle harte sal vrolik wees

soos van wyn.

Hulle kinders sal dit sien en bly wees,

hulle sal van harte juig oor die HERE.

⁸ **Ek sal vir hulle fluit

en hulle bymekaarmaak,

want Ek het hulle verlos

en hulle sal vermeerder soos voorheen.

⁹ *Ek sal hulle tussen die volke saai

en in verre lande sal hulle aan My dink.

Hulle sal saam met hulle kinders

leef en weer terugkom.

¹⁰ *Ek sal hulle terugbring

uit Egipteland,

en uit Assirië sal Ek hulle bymekaarmaak.

Na die gebied van Gilead en Libanon

sal Ek hulle bring;

maar dit sal nie vir hulle voldoende wees nie.”

¹¹ *Hulle^a sal in benoudheid deur die see trek,

en Hy sal die golwe in die see verslaan.

Al die dieptes van die Nyl sal opdroog.

Die trots van Assirië

* **10:8-10** Ps 107:3

* **10:8** Jes 5:26; Jer 23:3; Eseg 36:10-11

* **10:9** Deut 30:1-3; Eseg 6:9;; Bar 2:30-34

* **10:10** Jes 11:11-12; 27:13; 49:13; Hos 11:11

* **10:11** Vgl Jes 11:15; 42:15

^a**10:11 Hulle:** Die •Septuagint word gevolg, die bronteks lui “Hy”.

sal tot 'n val gebring word,
en die heerskappy van Egipte
tot 'n einde kom.*

¹²*“Ek sal hulle sterk maak in die HERE; in sy Naam sal hulle leef,” is die uitspraak van die HERE.

11

¹*Maak oop jou deure, Libanon,
sodat vuur jou sederbome
kan verteer!

²Huil, sipres, want 'n seder het geval,
die magtige bome is verwoes!
Huil, eike van Basan,*
want die digte bos is afgekap!

³Hoor die gehuil van die herders;
want hulle aansien is verwoes!
Hoor die gebrul van die jong leeus,
want die trots van die Jordaan^b
is verwoes!

*10:11 en die ... kom: Eseg 30:13

*10:12 Miga 4:5; Sag 10:6; 12:5

*11:1-2 Ps 29:5; Jes 10:33-34

*11:2 eike van Basan: Jes 2:13

^b11:3 trots ... Jordaan: Hierdie woord verwys soms na die kreupelbos aan beide kante van die sentrale en suidelike dele van die Jordaanrivier; vgl Jer 12:5; 49:19; 50:44; Sag 11:3.

Veroordeling van slegte leiers

⁴ So sê die HERE my God: “Pas die kleinvee op wat geslag gaan word!

⁵ Hulle kopers maak hulle dood sonder om daarvoor te boet, en hulle verkopers sê, ‘Prys die HERE, ek word ryk!’ Hulle herders het nie medelye met hulle nie. ⁶ Ja, Ek sal nie langer medelye met die inwoners van die land hê nie,” is die uitspraak van die HERE. “Kyk, Ek gaan die mense oorlewer, elkeen in die hand van sy medemens en van sy koning. Hulle sal die land vernietig en Ek sal niemand uit hulle hande red nie.”

⁷ Ek het die kleinvee wat geslag gaan word, en aan die kleinveehandelaars behoort,^c opgepas. Ek het vir my twee herderstokke geneem; die een het ek Welwillendheid genoem en die ander een Samehorigheid. So het ek die kleinvee opgepas. ⁸ Van drie herders het ek in een maand ontslae geraak. Ek het ongeduldig geraak met hulle; ook hulle het 'n afkeer in my gekry. ⁹ Toe sê ek: “Ek gaan julle nie meer oppas nie. Laat dié wat sterf, maar sterf; laat dié wat wegraak, maar wegraak; en laat dié wat oorbly, mekaar verslind!” ¹⁰ Ek het my herderstok, Welwillendheid, geneem en dit in stukke gebreek, om so die verbond wat ek met al die volke gesluit het, te verbreek. ¹¹ Dit is op daardie dag verbreek. Die kleinveehandelaars wat my dopgehou het, het toe besef dat dit die woord van die HERE was. ¹² *Ek het toe vir hulle gesê: “As julle dit goedvind, gee dan my loon; maar indien nie, laat dit

^c**11:7 aan ... behoort:** Die Septuagint word hier gevolg; vgl ook Sag 11:11. Die bronteks lui “daarom, die ellendiges van die kleinvee”.

***11:12-13** Vgl Eks 21:32; Matt 25:15; 27:5,9-10

daar.” Hulle het my loon afgeweeg: dertig sikkel^d silwer.

¹³ Toe sê die HERE vir my: “Gooi dit vir die smelter!^e Dit is die kosbare prys waarmee Ek deur hulle na waarde geskat is.” Ek het die dertig sikkel silwer geneem en dit in die huis van die HERE vir die smelter gegooi.^f ¹⁴ Ek het my tweede herderstok, Samehorigheid, in stukke gebreek om die broederskap tussen Juda en Israel te verbreek.

¹⁵ Daarop sê die HERE vir my: “Neem weer die gereedskap van 'n dwase herder. ¹⁶ *Want kyk, Ek gaan 'n herder in die land laat opstaan — dié wat wegraak, sal hy nie probeer opspoor nie, die jonges sal hy nie soek nie, dié met gebreekte bene nie gesond maak nie en dié wat uitgeput is,^g nie voer nie. Maar die vleis van die vet diere sal hy eet; selfs die hoewe sal hy afruk.

¹⁷ * “Wee die nuttelose herder
wat die skape in die steek laat!
Mag die swaard sy arm
en sy regteroog tref!
Mag sy arm heeltemal verdor,
en sy regteroog heeltemal
blind word!”

^d**11:12 30 sikkel:** Ongeveer 342 g; •Geldeenhede.

^e**11:13 smelter:** Kan ook vertaal word “pottebakker”. Die •Septuagint lui “smeltkroes” en die •Peshitta lui “skatkis”.

^f**11:12-13 Hulle het my ... smelter gegooi:** In Matt 27:9-10 gedeeltelik aangehaal as heenwysing na Judas wat Jesus verraai het.

* **11:16** Vgl Eseg 34:2-4

^g**11:16 uitgeput is:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks en dit word verskillend vertaal.

* **11:17** Jer 23:1; Joh 10:12-13

12

Vernuwing van Juda en Jerusalem

¹ 'n Profesie.^h Die woord van die HERE oor Israel.

Dit is die uitspraak van die HERE, Hy wat die hemel oopgespan het en die fundamente van die aarde gelê het, wat die mens se gees in sy binneste gevorm het:^{*} ² “*Kyk, Ek gaan Jerusalem 'n bedwelmende beker wyn maak vir al die volke rondom. Dit sal ook oor Juda kom tydens die beleg van Jerusalem.ⁱ

³ “Op daardie dag maak Ek Jerusalem 'n swaar klip^{*} vir al die volke; elkeen wat dit probeer optel, sal homself ernstig beseer wanneer al die nasies van die aarde teen Jerusalem saamtrek.^{*}

⁴ “*Op daardie dag,” is die uitspraak van die HERE, “sal Ek elke perd met verwarring tref en sy ruiter met waansin. Oor die huis van Juda sal Ek egter my oë oophou, terwyl Ek elke perd van die volke met blindheid slaan. ⁵ *Dan sal die stamhoofde van Juda vir hulleself sê: “Die krag van die inwoners van Jerusalem^j lê by die HERE, hulle God, die Heerser oor alle magte.

^h**12:1 Profesie:** Kan ook vertaal word “Uitspraak”, “Uitspraak van God” of “Aankondiging”.

^{*}**12:1 Hy ... gevorm het:** Gen 2:7; Jes 42:5

^{*}**12:2** Jes 51:17,22-23; Jer 25:15-16; vgl Op 16:19

ⁱ**12:2 Dit ... Jerusalem:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die •bronteks, en dit word verskillend vertaal.

^{*}**12:3 swaar klip:** Sir 6:21

^{*}**12:3 wanneer ... saamtrek:** Luk 21:24; Op 11:2

^{*}**12:4** Deut 28:28; Ps 76:6-7; Sag 14:13

^{*}**12:5** Sag 10:6,12

^j**12:5 Die krag ... Jerusalem:** 'n Hebreeuse ms en die •Targum word hier gevolg. Die bronteks lui “My krag is die inwoners van Jerusalem”.

⁶ “Op daardie dag maak Ek die stamhoofde van Juda soos 'n bak met vuur tussen hout en soos 'n brandende fakkel tussen afgesnyde koringare. Hulle sal al die volke rondom verteer, na regs en na links, en Jerusalem sal bly net waar sy is, in Jerusalem.* ⁷ Die HERE sal die tente van Juda eerste red, sodat die roem van die huis van Dawid en die roem van die inwoners van Jerusalem nie groter sal wees as dié van Juda nie.

⁸ “*Op daardie dag sal die HERE die inwoners van Jerusalem beskerm. Dié onder hulle wat struikel sal op daardie dag wees soos Dawid, en die huis van Dawid sal wees soos God,^k soos die engel van die HERE^l wat voor hulle uitgaan.

⁹ “*Op daardie dag sal Ek my beywer om al die nasies te vernietig wat teen Jerusalem optrek. ¹⁰ *Maar oor die huis van Dawid en oor die inwoners van Jerusalem sal Ek 'n gees van genade en 'n gesindheid van smeekgebede uitstort. En hulle sal kyk na My^m vir wie hulle deurboor het, en hulle sal oor hom rou soos 'n mens rou oor 'n enigste seun, en hulle sal bitterlik huil soos 'n mens huil oor 'n eersgebore kind.ⁿ

¹¹ “Op daardie dag sal die rouremonie in Jerusalem net so groot wees

***12:6 en Jerusalem ... Jerusalem:** Sag 2:4; 6:12

***12:8** Vgl Eks 32:34; Joël 3:01

^k**12:8 soos God:** Kan ook vertaal word “soos 'n hemelse wese”.

^l**12:8 die engel van die HERE:** Die boodskapdraer en verteenwoordiger van die hemelse hofhouding wat bloot opdragte uitvoer of boodskappe oordra. Kan ook vertaal word “die boodskapper van die HERE.”

***12:9** Sag 14:3

***12:10** Eseg 39:29; Joël 2:28-29

^m**12:10 My:** Sommige mss lui “hom”.

ⁿ**12:10 En hulle sal kyk ... kind:** In Joh 19:37; Op 1:7 aangehaal as heenwysing na Christus; vgl Matt 24:30.

soos die rouseremonie oor Hadad-Rimmon^o in die Megiddovlakte.* ¹² Die land sal treur, elke familiegroep op sy eie; die familiegroep van die huis van Dawid op sy eie, en die vroue op hulle eie; die familiegroep van die huis van Natan* op sy eie, en die vroue op hulle eie; ¹³ die familiegroep van die huis van Levi op sy eie, en die vroue op hulle eie; die familiegroep van Simi* op sy eie, en hulle vroue op hulle eie; ¹⁴ en al die oorblywende familiegroepe, elkeen van hulle op sy eie, en die vroue op hulle eie.”

13

¹ “*Op daardie dag sal 'n fontein oopgemaak word waar die huis van Dawid en die inwoners van Jerusalem hulle sondes en •onreinheid kan afwas.^p

² “Op daardie dag,” is die uitspraak van die HERE, Heerser oor alle magte, “sal Ek die name van die afgode in die land uitwis, sodat hulle nie meer onthou sal word nie; en Ek sal ook die profete en die gees van onreinheid uit die land verwyder. ³ *En as iemand nog wil profeteer, sal sy pa en ma wat hom in die wêreld gebring het vir hom sê, ‘Jy mag nie langer leef nie, want jy het leuens in die Naam van die HERE verkondig.’ Sy pa en ma wat hom in die wêreld gebring het, sal hom deurboor as hy wil profeteer.

⁴ “*Op daardie dag sal elkeen van die profete skaam wees vir sy visioen

^o12:11 **Hadad-Rimmon:** Die Aramese god van onweer en reën.

*12:11 **Megiddovlakte:** Op 16:16

*12:12 **Natan:** 2 Sam 5:14-16; 1 Kron 14:4-7; Luk 3:31

*12:13 **Simi:** Eks 6:16; Num 3:18,21; 1 Kron 6:17

*13:1 Ps 91:15; Eseg 36:25; vgl Eseg 47:1; Joh 7:3

^p13:1 **kan afwas:** Hierdie woord kom nie in die •bronteks voor nie, maar word veronderstel.

*13:3 Vgl Deut 13:1-5; 18:20; Jer 23:34

*13:4 Miga 3:6-7

toe hy geprofeteer het. Hulle sal nie 'n harige kleed^q aantrek met die doel om te bedrieg nie,^{* 5*} maar sal sê, 'n Profeet is ek is nie, ek is iemand wat die grond bewerk, want iemand het my in my jeug al as slaaf gekoop.^{r 6*} As iemand dan vra, 'Wat is hierdie letsels op jou lyf?', sal hy antwoord, 'Dit is hoe ek geslaan is in my vriende se huis.' ”

Suiwering van dié wat oorbly

^{7*}“Swaard, word wakker teen my herder, en teen die man uit my gemeenskap,” is die uitspraak van die HERE, Heerser oor alle magte. “Vel die herder neer, sodat die kleinvee uitmekaar gejaag word.^t Ek sal selfs my hand teen die geringes draai. ^{8*}In die hele land sal dit gebeur,” is die uitspraak van die HERE, “twee-derdes sal uitgeroei word, omkom, en 'n derde sal oorbly. ^{9*}En die derde deel sal Ek na die vuur bring en hulle louter soos 'n mens silwer louter, en hulle toets soos goud getoets word. Hulle^u sal my Naam aanroep en Ek sal hulle antwoord. Ek sal sê, ‘Hulle is my volk,’ en hulle sal sê, ‘Die HERE is ons God.’* ”

^q13:4 harige kleed: Dit was die tipiese drag van 'n profeet.

*13:4 Hulle ... bedrieg nie: Vgl 2 Kon 1:8; Mark 1:6

*13:5 Vgl Am 7:14

^r13:5 want ... gekoop: Die betekenis van die bronteks is onseker, en dit word verskillend vertaal.

*13:6 Vgl 1 Kon 18:28

^s13:6 op jou lyf: Letterlik ‘tussen jou hande’.

*13:7 Eseg 34:2

^t13:7 Vel ... word: In Matt 26:31; Mark 14:27 deur Jesus aangehaal en toegepas op die gebeure by sy optrede; vgl Joh 16:32.

*13:8 Eseg 5:12; vgl Sag 14:2

*13:9 Jes 1:25; 48:10; 65:24; Sag 8:8; Mal 3:2-3; vgl Spr 17:3; 1 Pet 1:7

^u13:9 Hulle: Die bronteks gebruik hier en verder in hierdie vers die enkelvoud.

*13:9 Hulle sal ... God: Hos 2:22; Sag 8:8

Koms van die dag van die HERE

¹ “Kyk, daar kom 'n dag van die HERE! Jou buit, Jerusalem,^v sal in jou midde verdeel word. ² Ek sal al die nasies vir die oorlog teen Jerusalem byeenbring. Die stad sal ingeneem word, die huise geplunder en die vroue verkrag word. Die helfte van die stad sal in ballingskap weggaan, maar die res van die volk sal nie uit die stad uitgeroei word nie.”

³ Daarna sal die HERE optrek en teen daardie nasies oorlog voer soos wanneer Hy veg op die dag van stryd. ⁴ Op daardie dag sal sy voete staan op die Olyfberg, wat voor Jerusalem aan die oostekant lê. Die Olyfberg sal middeldeur skeur van oos na wes, 'n baie groot vallei sal ontstaan. Die een helfte van die berg sal verskuif na die noorde en die ander helfte na die suide. ⁵ * Julle sal vlug na die vallei tussen my berge, want die vallei tussen die berge sal tot by Asal strek. Julle sal vlug soos julle gevlug het vir die aardbewing in die dae van Ussia, die koning van Juda. Dan sal die HERE my God kom en al die heiliges sal saam met Hom^w wees.

⁶ Op daardie dag sal daar nie lig wees nie, ook nie koue of ryp nie.^x
⁷ Dit sal 'n uitsonderlike tyd wees wat net aan die HERE bekend is, sonder dag of nag. Teen die aand sal dit lig word.*

^v**14:1 Jerusalem:** Hierdie woord kom nie in die •bronteks voor nie, maar word veronderstel.

***14:5** Matt 25:31; 1 Thess 3:13; 2 Thess 1:7; Jud vs 14

^w**14:5 met Hom:** Talle mss en die •vroeë vertalings word hier gevolg. Die bronteks lui “saam met jou”.

^x**14:6 ook nie ... ryp nie:** Die vertaling van die laaste twee woorde in die bronteks is onseker. Kan ook letterlik vertaal word ‘die kosbare is swart ryp’.

***14:7 Teen ... word:** Op 21:25; 22:5

⁸*In daardie tyd sal daar vars water uit Jerusalem vloei, die een helfte na die oostelike see en die ander helfte na die westelike see.^y In die somer en in die winter sal dit so wees. ⁹*Die HERE sal koning word oor die hele aarde. In daardie tyd sal die HERE die enigste wees, en sy Naam die enigste.

¹⁰Die hele land sal verander word soos die Jordaanvallei^z vanaf Geba tot by Rimmon suid van Jerusalem. Jerusalem sal egter uittroon; sy^a sal gevestig wees op haar plek: van die Benjaminpoort* tot by die plek van die vroeëre poort en tot by die Hoekpoort,* en van die Gananeltoring* tot by die koning se kuipe. ¹¹*Hulle sal daar woon. Daar sal nie meer 'n totale vernietiging wees nie; Jerusalem sal veilig gevestig wees.

¹²Dit sal die plaag wees waarmee die HERE al die volke sal tref wat teen Jerusalem optrek: Hy sal hulle liggame laat verrot terwyl hulle nog op hulle voete is; hulle oë sal verrot in hulle oogkaste, en hulle tonge sal verrot in hulle monde.

¹³Op daardie dag sal die HERE groot verwarring onder hulle veroorsaak. Hulle sal die een die ander se hand gryp en die een teen die ander die hand lig. ¹⁴Selfs Juda sal teen Jerusalem veg. Die rykdom van

*14:8 Op 22:1

^y14:8 oostelike ... westelike see: Oostelike see verwys na die Dooie See en westelike see na die Middellandse See.

*14:9 Op 11:15; 19:6

^z14:10 Jordaanvallei: Dit verwys na die Jordaanvallei tussen die meer van Galilea en die Dooie See. Die •bronteks lui “die Araba”.

^a14:10 sy: Jerusalem en ander stede word dikwels in die Bybel simbolies as vroulik voorgestel.

*14:10 Benjaminpoort: Jer 37:13; 38:7

*14:10 Hoekpoort: 2 Kon 14:13; 2 Kron 25:23; 26:9; Jer 31:38

*14:10 Gananeltoring: Neh 3:1; 12:39; Jer 31:38

*14:11 Op 22:3

al die nasies rondom hulle sal bymekaargemaak word: baie groot hoeveelhede goud, silwer en klere. ¹⁵ So sal dieselfde plaag die perde, muile, kamele, donkies en al die ander diere wat in hulle kampe is, tref. ¹⁶ Almal wat oorbly uit al die nasies, wat opgeruk het om teen Jerusalem oorlog te maak, sal jaar ná jaar optrek om voor die Koning, die HERE, Heerser oor alle magte, in aanbidding neer te buig en om die Huttefees^b te vier. ¹⁷ En oor diegene onder die familiegroepe van die aarde wat nie optrek na Jerusalem om voor die Koning, die HERE, Heerser oor alle magte, in aanbidding neer te buig nie, sal geen reën val nie. ¹⁸ As die familiegroep uit Egipte nie optrek en na Jerusalem^c kom nie, sal daar oor hulle nie reën val nie.^d Dit sal die plaag wees waarmee die HERE die nasies tref wat nie opgaan om die Huttefees te vier nie. ¹⁹ Dit sal die straf wees vir Egipte en die straf vir al die nasies wat nie optrek om die Huttefees te vier nie.

²⁰ Op daardie dag sal op die klokkies van die perde staan “Heilig vir die HERE”, en die kookpotte in die huis van die HERE sal soos die offerbakke^e voor die altaar wees. ²¹ Elke kookpot in Jerusalem en Juda sal heilig wees vir die HERE, Heerser oor alle magte. Almal wat wil offer, sal kom en van die kookpotte neem en daarin kook. Daar sal op daardie dag nie meer 'n handelaar^f in die huis van die HERE, Heerser oor alle magte, wees nie.

^b**14:16 Huttefees:** Ook genoem die Fees van die Insameling, was 'n sewedaagse oesfees wat op 15-22 •Tisri, die sewende maand, ook genoem •Etanim, gevier is.

^c**14:18 na Jerusalem:** Hierdie woorde kom nie in die bronteks voor nie, maar word veronderstel; vgl Sag 14:16.

^d**14:18 nie reën val nie:** Letterlik ‘sal dit nie oor hulle wees nie’.

^e**14:20 offerbakke:** Houers wat in die •tabernakel en •tempel gebruik is vir •drankoffers; vgl Eks 27:3.

^f**14:21 handelaar:** Kan ook vertaal word “Kanaäniet”.